Het jy al carignan gedrink?

Hoe gemaak om nuwe wyne te ontdek? Met die groot verskeidenheid in Suid-Afrika is dit die nuwe wyne wat jóú sal vind, skryf **Christine Rudman**

Dit is onmoontlik om met al die wyne tred te hou, al is jy hóé toegewy om ander soorte in drankwinkels of op die internet uit te snuffel.

Om by 'n wynklub aan te sluit, is een manier om by te bly. In my geval hou weeklikse proesessies vir die Wine of the Month Club my op die hoogte van wyne wat ek nog nie geproe het nie.

Só was dit ook met Hoopenburg se carignan. Carignan? Ja, dis 'n skaars wyn in hierdie geweste, en daar is slegs drie wat in die *Platter-wyngids* aangegee word, wat Hoopenburg s'n die vierde maak. Dis jammer, want die kultivar bied iets anders en is heerlik om te drink.

Carignan se oorsprong is Spaans. Die wyn is genoem na die dorp waar dit afgesonder is, maar dit is in Frankryk waar die druifsoort gewild geraak het nadat dit wyd en syd aangeplant is in die Midi, daardie warm suidelike deel van die land. Hier is omtrent net soveel carignan geplant soos daar wyndruiwe in die hele Suid-Afrika is!

Met sy dik vel en donker kleur is dit 'n ideale versnitkomponent vir die baie rooiwyne wat in die Midi-streek gemaak word. Dit is gewild, want carignan kan swaar dra met groot opbrengste per hektaar.

In Suid-Afrika is dit anders. Hier was verlede jaar net 112 ha wingerde, 1% van ons totale wingerd-oppervlakte. Daarom word carignan hoofsaaklik by versnyding ingespan, meesal met shiraz, waarby dit goed pas.

Hoopenburg, in die Simonsberg-deel van Stellenbosch, gebruik dié druifsoort in sy topwyn, Integer, waar dit in gelyke dele met shiraz en mourvèdre saamgespan word. Die wynmaker daar, Helanie Olivier, het my vertel sy het so baie van die 2013-oesjaar gehou dat sy die plaas se eienaar, Gregor Schmitz, oortuig het om haar toe te laat om 'n bietjie carignan op sy eie in die bottel te plaas, en nou is ook hý 'n aanhanger.

Ek hou van die wyn se donker, intense vrug en die lang, sagte nasmaak. Net 1 000 bottels is gemaak, slegs by die plaas beskikbaar teen R101 per bottel. Vir nader besonderhede, skakel 021 884 4221 of besoek hoopenburg-wines.co.za. Die plaas is bekend om sy droëland-bosstok-wingerde.